LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 21
21 Junie 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

EINDE VAN DIE TWEEDE KWARTAAL
Ons staan weer aan die einde van nog ‘n kwartaal. Dit het by meer as een geleentheid maar dol gegaan so tussen die sportdae, proewe en eksamens deur. Tog was dit ‘n baie geseënde kwartaal en ons is teenoor ons Skepper baie dankbaar vir al die seëninge wat Hy oor ons uitstort.

Ek wens almal ‘n heerlike vakansie toe. Vir diegene wat êrens heen ry, ry asseblief versigtig, en kuier lekker.

VLIEG-HOOG
So het die dag toe uiteindelik aangebreek dat al die wenners van die Vlieg-hoog-kompetisie toe kans kon kry om “hoog te vlieg”. Die hele Laer Volkskool het gegons van opwinding en senuweeaftigheid. Selfs die dorpsmense het gewonder wat aangaan. Dit was voorwaar vir ieder en elk ‘n wonderlike ervaring. Baie dankie aan elkeen wat bygedra het om hierdie projek ‘n sukses te maak. Dankie ook aan Karoo Ballooning en Fly Karoo vir hul betrokkenheid by die projek.

VLAGGIE-DAG
Die vlaggie-dag was ‘n groot sukses en almal het dit baie geniet. Baie dankie aan almal wat ons gehelp het om daarvan ‘n sukses te maak. ‘n Groot dank aan elke instansie wat vir ons pryse gegee het en aan elke tennisouer vir julle harde werk! Dit word baie waardeer.

SKOOLFONDS
50% van 2018 skoolfonds moet teen 30 Junie betaal wees. Alle agterstalliges word die eerste week van die nuwe kwartaal oorhandig. Ouers, maak asseblief seker dat u die volledige verwysing met betalings doen. Byvoorbeeld inbetaling vir skoolfonds- Kind se naam, en/of Rekening no. V03. Betalings vir toere bv. Rugbytoer en kind se naam.

Bankbesonderhede vir skoolfonds: Laer Volkskool, FNB tjek rek nr: 624 074 890 21, Takkode: 210 216, Verw: U rek nr.

Bankbesonderhede vir alle ander betalings: Oudskoliere Insamelingsrekening, ABSA tjek rek. nr: 404 854 7056, Verw: Kind se naam en van en waarvoor die betaling is.

HUIS EYBERS
Koshuisouers word herinner dat losies voor of op die 17 Julie 2018 betaal moet word. Indien u kontant wil betaal op 17 Julie, is u welkom om so te doen by die koshuis waar ‘n afgevaardigde u behulpsaam sal wees. Bewys van betaling moet aan hierdie persoon getoon word voor u toegelaat sal word in die koshuis. Indien u elektronies betaal het, moet u asb ook u bewys van betaling saamneem.

Bankbesonderhede: Huis Eybers, FNB tjek rek nr: 624 074 901 877, Takkode: 210 216, Verw: U rek nr.

DIE SKOOL HEROPEN OP DINSDAG, 17 JULIE 2018 OM 08:00.

SKOOLTYE
Winter
GRAAD 1 – 2

Maandae	**08:00** – 12:10
Dinsdae tot Donderdae	07:15 – 12:10
Vrydae	07:15 – 12:10



GRAAD 3

Maandae	**08:00** – 12:40
Dinsdae tot Donderdae	07:15 – 12:40
Vrydae	07:15 – 12:40

GRAAD 4 - 7

Maandae	**08:00** – 13:30
Dinsdae tot Donderdae	07:15 – 13:30
Vrydae	07:15 – 13:00

KLEREDRAG
Steeds wintersdrag! Volgende kwartaal sal ons u in kennis stel wanneer ons na somersdrag oorskakel.

KLEREWINKEL
Die klerewinkel by Hoër Volkskool sal op 17 Julie 2018 van 9:00 – 12:00 oop wees.

BUITEMUURSE PROGRAM
Die huidige sportprogram geld vir die 3de kwartaal

SKRYWES WAT U VANDAG ONTVANG
3de Kwartaal kalender

SPORT

TENNIS PRETDAG
Die pretdag was groot pret. Daar was baie kleurvolle karakters op die bane. Almal is weg met 'n prys. Dankie aan elke speler. Volgende kwartaal maak ons weer so. Dankie aan MatchPoint vir die skenking van die pryse!

HOKKIE
Die o.13 hokkiedogters neem hierdie naweek, 23 – 25 Junie 2018, deel aan die Union Festival in Graaff-Reinet. Ons wens hulle baie sterkte toe.

Die program is soos volg:

Saterdag 23 Junie 2018

LVS @ Collegiate	11:55
LVS@ Komga Primary School	16:00

Sondag 24 Junie 2018

LVS @ De Hoop	07:30
LVS @ Erica	13:30

Maandag 25 Junie 2018

LVS @ Westering	08:10

Program vir die naweek aangeheg.

Laer Volkskool vs Stulting
19 Julie 2018 –

Finale Program

Rugby: LVS A - veld

13:30	o.13B
14:25	o.11A
15:10	o.13A

Netbal: LVS

	Baan 1	**Baan 2**
13:30	o.13B	o.11A
14:05	o.13A	o.13C

Sport vs Cradock – 21 Julie 2018
Spanne wat gaan speel is as volg:

Rugby	**Netbal**	**Hokkie**
o.7A	o.7A	o.7A
o.8A	o.8A	o.8A
o.9A	o.9A	o.9A
o.11A + B	o.10A + B	o.10A
o.13A + B	o.11A + B	o.13A - B
	o.13A - C	

LANDSDIENS
Die volgende Landsdieners gaan LVS verteenwoordig op die Provinsiale Landsdienskamp van 25 – 29 Junie 2018: Juan Bezuidenhoudt, Freddie van der Mescht, Hugo Botha, Pieter van der Merwe, Zenke Enslin en Anishka Luiters. Die kamp vind plaas by Kareedouw en beloof om 'n kamp vol uitdagings te wees. Baie sterkte aan die kampers en hou LVS se naam hoog.

ADVERTENSIE

EKSTRA-KLASSE

- ekstra klasse vir skoolvakke
-Opsommings
-Taal en begrip
-Toets en eksamen voorbereidings
-Huiswerk

Skakel Marlene Malan
by Sel no - 071 547 4915
E-pos - marlenemalan7@gmail.com

INTERSKOLE!!!!!!
OVK/CMW se 2de INTERSKOLE VEE VEILING sal gehou word op 2 Augustus 2018 te Graaff-Reinet skougronde. Ons nooi u om gebruik te maak van hierdie unieke geleentheid om vee in te skryf en terselfde tyd n finansiële bydrae vir u skool te maak aangesien 1% van die omset na die jou skool gaan. Met 2017 se veiling is bykans R50 000.00 tussen die 2 skole verdeel.

Vir navrae en inskrywings kontak Philip Piek 083 309 4144.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Elke keer as jy 'n kers opsteek
om die pad vir iemand ligter te maak,
word jy self deur die lig en warmte
van die vlammetjie geraak.
Psalm 97:11

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910803